# PASTORAAT

**DR. M. J. BEUKES.**

## I. INLEIDING:

Die Kerkwet van die Ned. Herv. Kerk van Afrika bepaal en die beroepsbrief van die predikante vereis dat huisbesoek gereeld gedoen sal word.

In die materialistiese twintigste eeu word voortdurend die vraag gevra of daar nog tyd is vir huisbesoek en of dit nog nodig is. Sommiges het reeds klaar hierdie vraag negatief beantwoord en het huisbesoek in sommige gemeentes geword tot iets uit die gryse verlede. Die vraag huisbesoek of nie huisbesoek kan nie deur onsself beantwoord word nie. Die Skrif alleen kan hier antwoord gee.

Die besoek aan die huise deur die predikant word huisbesoek genoem. Daar is ook ander woorde wat hierdie werk omskryf soos bv. sielsorg, pastoraat en herderlike sorg. Ons verkies om een van lg. twee begrippe te gebruik aangesien dit die werk waarom dit hier gaan die beste omskryf. Die eerste twee begrippe nl. huisbesoek en sielsorg kan moontlik lei tot verwarring oor wat hierdie werk presies omvat. Die gebruik van hierdie twee begrippe moet daarom afgewys word.

## II. PASTORAAT IN DIE NUWE TESTAMENT:

### (a) Noodsaaklikheid van Pastoraat:

Jesus Christus se verkondiging was nie alleen gerig tot die volk Israel as geheel nie, maar ook tot die inviduele lede van die volk. (Vergelyk o.a. sy gesprek met Nikodemus, die hoofman van Kapernaüm, die roeping van Mattheus e.a.) Jesus stuur sy dissipels uit om die evangelie nie alleen aan nasies te gaan verkondig nie, maar ook aan die individuele lede van die volk. Nie alleen aan die menigte wat in erediens vergader het nie, maar ook aan die mens waar hy hom by sy huis bevind (Lukas 10:7). Die apostel Paulus se verkondiging vind plaas „in die openbaar en in die huise (Hand. 20:20). Dit geskied **hoof vir hoof** (Hand. 20:31). Uit sy briewe blyk dit ook duidelik dat hy persoonlike kennis gedra het van die omstandighede by die huise (Ef. 5:22-6:9, Kol. 3:18-4:6). Die ganse verkondiging van die kerk het in die eerste Christelike gemeente gestalte aangeneem in die erediens en in die huise. „En hulle het nie opgehou om elke dag in die tempel **en van huis tot huis** te leer nie, en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is" (Hand. 5:42). Die opdrag om Jesus Christus aan die wêreld te verkondig het die apostels verstaan as 'n opdrag wat ook tot uitvoer gebring

moet word in die huise. Die evangelie moet die mens ook aanspreek in sy konkrete situasie. In die lig van bg. kan gestel word dat Christus se opdrag aan sy dissipeles om die evangelie te verkondig, (Mat. 28:19, Mark. 16:15 en Hand. 1:8) 'n opdrag is wat ook t.o.v. die individuele lede en huise geld.

**(b) Nuwe Testamentiese begrippe wat i.v.m. die Pastoraat staan:**

Aangesien die opdrag van Christus om die evangelie te verkondig sig uitstrek oor die ganse linie van die menslike bestaan, Maandag tot Sondag, kan die verskillende Nuwe Testamentiese begrippe wat in verband staan met die verkondiging nie beperk word tot een bepaalde gestalte van die kerklike verkondiging nie. Die „opbou" van die gemeente betref bv. nie alleen die pastoraat nie maar die ganse verkondigings akte van die kerk. Die verskillende begrippe of woorde wat ons bespreek is daarom slegs 'n seleksie uit 'n groot menigte en word slegs omskryf in soverre dit betekenis het vir die pastoraat.

**(i) Poimainein:**

Dié werkwoord en die daarmee samgaande s.n.w. word in die Nuwe Testament vertaal met: „hou as herders toesig" (1 Pet. 5:12), „om as herders te versorg" (Hand. 20:28) en „skape oppas" (Joh. 20:16 en 1 Kor. 9:7). Die s.n.w. word gewoonlik vertaal met herder.

**(a) Jesus as Herder:**

Die herder beeldspraak in die Nuwe Testament kan in die eerste plek op Jesus Christus self betrek word. Hy maak Homself aan die volk bekend as herder by uitnemendheid. „Ek is die goeie herder" (Joh. 10:11). Deur Homself die goeie herder te noem, en deur sy dade dit te bevestig word ge-openbaar dat Jesus die Messiaanse herder is wat reeds in die Ou Testament voorspel is (Eseg. 34:23). Die herder wat aan die kudde die ware weiding, die waaragtige versorging sal gee. Hierdie herder is die bevryder uit alle nood.

Die pastorale bewoënheid van Jesus as herder spreek duidelik uit sy persoon, woord en daad. Hy is die een wat gekom het om verlorenes te soek, die sonde te vergewe, die dood te oorwin, om oor die hele linie van die menslike nood bevryding te gee. Hierdie bevryding gee Hy deur sy lewe vir die kudde te gee. „Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape" (Joh. 10:11). Deur sy eenmalige offer aan die kruis van Golgotha is in die aller grootste nood van die kudde voorsien en kan die kudde leef in die geloof en in die hoop dat in elke mindere nood voorsien sal word.

Jesus as herder bevry nie alleen maar versamel ook. Hy bring elkeen wat Hy duur gekoop het met sy bloed in die kudde

in. Die afgedwaalde skaap bring Hy tot die kudde terug (Joh. 10:16). Hy red hulle van die ondergang buite die samehang van die hele kudde. Hierdie beeld van versameling speel 'n groot rol in die herderkuddebeeldspraak. As God die herderskap ter hand neem versamel Hy die skape wat deur die wanbestuur van die slegte herders verstrooi is. (Eseg. 34:12 en 13).

Daarom word dit steeds gesien as taak van die Messiaanse herder om te versamel wat verstrooi is. (Jes. 60:4).

As God self die herderskap ter hand neem versamel Hy nie alleen nie maar spreek ook reg (Eseg. 34:20). Dit verbaas ons daarom ook nie dat die Messiaanse vervulling van die herderskap van God in Jesus Christus ook hierdie trek dra nie. In Matt. 25:31-33 word Jesus geteken as die regter van die volke wat die oordeel sal uitspreek. Hy skei die skape van die bokke.

Jesus word die „goeie Herder" (Joh. 10:11), die Opperherder (1 Pet. 5:4) en „die groot Herder" (Heb. 13:20) genoem. Hy is die ware Herder. Die Enigste Herder in die volle sin van die woord. Die Enigste Herder wat waarlik kan, en reeds klaar voorsien het in die nood van die kudde.

Jesus Christus se herderskap het 'n besondere doel. Dit lei daartoe dat Hy deur sy eie geken word (Joh. 10:14). Dat hulle in Hom sal glo en na sy stem sal luister (Joh. 10:16). Hulle wat hierdie weg bewandel, het ten volle deel aan die vrugte van sy herderskap. „Ek gee hulle die ewige lewe . . ." (Joh. 10:28).

**Samevattend:**

(1) Die ware herderskap van God oor sy kudde gaan in vervulling in die persoon, woord en daad van die Messiaanse Herder Jesus Christus.

(2) Hierdie herderskap is primêr versorging, bevryding van die grootste nood, d.i. die vergewing van sondes en die ewige lewe .

(3) Die vereensaming word opgehef deurdat elke individu deur Hom by die kudde gevoeg word.

(4) As Herder sal Hy die uiteindelike regspraak be-oefen.

(5) Sy herderskap wil gee dat elkeen Hom sal ken, sal glo tot die ewige lewe.

(6) Omdat Hy die ware Herder is beteken ware pastoraat konfrontasie met Hom, verkondiging van Hom wat die waaragtige is.

(b) **Die Aardse herders:**

Uit bg. is dit duidelik dat ware herderlikesorg alleen kan geskied deur Jesus Christus. Hy wil egter dat hierdie sorg van Hom die deel sal wees van elke mens. Sodat elkeen daaraan deel

kan hê het Hy sy kerk geroep om getuie van Hom in die wêreld te wees. Hy het self aardse herders aangestel in die midde van sy gemeente.

Behalwe van Jesus Christus word daar nog slegs eenmaal in die Nuwe Testament gepraat van herders (poimenes Ef. 4:11).

In Ef. 4:11 tref ons 'n opsomming aan van die verskillende ampte wat Jesus in die gemeente gestel het. „En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste ander as herders en leraars" Die lidwoord voor leraar ontbreek in die Griekse teks. Hieruit kan ons aflei dat die twee ampte herder en leraar 'n eenheid vorm. D.w.s. die herder is leraar en terselfdertyd is die leraar herder.

Lerend, onderrigtend sal die herder daarom sy taak soos vervat in Ef. 4:12-16 moet uitvoer. Uit hierdie verse kan die volgende afleidings met die oog op die pastoraat gemaak word:

(i) Die herderlikesorg se objek is die „heiliges". Onder heiliges moet ons nie 'n klein groepie mense verstaan wat 'n sekere staat van vroomhed bereik het nie, maar elkeen wat reeds deur sy doop in die gemeente van Jesus Christus ingelyf is. Herderlikesorg is daarom nie evangelisasie nie maar voortgaande verkondiging van Jesus Christus aan hulle wat reeds tot die geloof gekom het.

(ii) Hierdie voortgaande verkondiging wat geskied deur die herderlikesorg is: „om die heilges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing (oikodomein) van die liggaam van Christus totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus" (Ef. 4:12 en 13).

In die herderlikesorg gaan dit om die opbouing van die gemeente. Die Woord wat vir opbou in Grieks gebruik word nl. „oikodomein" beteken in die eerste plek om 'n gebou op te rig. In die Nuwe Testament word die gemeente van Christus dikwels 'n tempel, 'n huis, 'n gebou van God genoem (1 Tim. 3:15, 1 Kor. 3:9. 1 Kor. 6:19, Ef. 2:20-22). Van hierdie gebou of huis is die profete en apostels die fondament terwyl Jesus Christus die hoeksteen is. Volgens 1 Pet. 2:5 word die gelowiges soos lewende stene in hierdie gebou ingebou.

Uit bg. is dit duidelik dat dit in die herderlikesorg nie gaan om individualistiese Christendom nie. Dit gaan in die herderlikesorg om die opbou van die hele gemeente. De herderlikesorg wil die enkeling juis verlos van sy isoloment tot inskakeling in die geheel van die kudde. Dit wil die enkeling plaas op die regte plek in die midde van die gemeente. Dit wil dat elke steen in die gebou sy volle funksie sal verrig.

Die doel van die herdeslikesorg is om almal te bring „tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God". Hieruit sien ons dat die herderlikesorg verkondiging is: Dit dien tot stigting en versterking van die geloof in Jesus Christus. Dit wil die gemeente bring tot die eenheid van die geloof, tot die gemeenskaplike belydenis dat Jesus Christus die Here is (Filip. 4:16). Dit wil die gelowiges so in hierdie waarheid opbou dat elke gelowige sal kom tot die volle „kennis van die Seun van God." Sy of haar geloof so versterk in Jesus Christus dat hulle nie meer deur elke wind van lering in verwarring gebring sal word nie (Ef. 4:14). Dit wil die gelowige so opbou in die geloof dat hy toegerus sal wees vir sy dienswerk as gelowige in die wêreld (Ef. 4:12), dat hy geestelike offers sal bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus (1 Pet. 2:5).

**Handeling 20:28.**

Hier word die aan opsieners van die gemeente opgedra „om as herders die gemeente te versorg". Van belang vir die pastoraat is hier:

(1) Die herders moet ag gee op hulle self. Die Woord wat hulle spreek moet in hulle eie lewens gestalte aanneem.

(2) Hierdie pastoraat betref die hele kudde, siek en gesond, lammers en skape, oud en jonk.

(3) Die pastoraat moet met die grootste sorg verrig word want die objek van die pastoraat is nie sommer enige mense nie, maar mense wat duur gekoop is met die bloed van Jesus Christus.

(4) In vers 9-38 hou Paulus sy pastoraat aan hulle voor as voorbeeld. Hierdie pastoraat het primêr daarin bestaan dat hy „wat nuttig is" (Hand. 20:20) aan hulle, ook in die huise verkondig het. Hierdie „wat nuttig is" kan volgens vers 21 omskryf word as die oproep tot geloof in Jesus Christus of volgens vers 27 is dit die verkondiging van God se hele raad. Die pastoraat is die toesien dat die heil van God wat gekom het in Jesus Christus, lewend bly vir die kudde.

(5) Met verantwoordelikheid moet die herders hulle taak verrig want hulle is deur die Heilige Gees self daartoe geroep.

(6) Die herders se sorg dien om die kudde weerbaar te maak teen valse leraars (vergelyk vers 29).

**1 Petrus 5:2.**

Hier word aan die ouderlinge van die gemeente opgedra om as herders toesig te hou oor die kudde van God wat onder hulle is. Die laaste deel van die sin wil sê dat die gemeente aan die herders toevertrou is. Enersyds wil dit die herders wys op

hulle groot verantwoordelikheid. ..Ek sal my skape van hulle hand eis". (Eseg. 34:10). Andersyds wil dit die herders stem tot nederigheid en ingetoënheid. Die kudde behoort nie aan die herders nie, hulle is slegs aan die herders toevertrou. Die herders moet daarom nie hulle eie heerskappy midde in die gemeente oprig nie. Hulle moet deur hulle herderstaak ruimte skep vir die genadige heerskappy van Christus aan wie die kudde eintlik behoort: Hulle moet van hulleself af wys na Christus toe. Hulle werk moet sy werk nie in die weg staan nie maar dien.

Die gemeeste is Christus se gemeente en die weiding aan hulle is die oproep en bewaring in die geloof in Hom. Hierdie werk moet nie gedoen word .,om vuil gewin nie." Nie so gedoen word dat die herder enige voordeel of lof sal ontvang nie, maar sodat God alleen geloof sal word

(iii) **Episkopein:**

'n Noue verband bestaan tussen die werkwoorde ,poimainein" en „episkopein". Opvallend is juis dat hulle wat moet „poimainein" in Hand. 20:28 „episkopoi" genoem word. Die s.n.w. „episkopos" vertaal die Afrikanse Bybel gewoonlik met opsiener en die w.w. wat daaruit afgelei word met „opsighou". Hierdie vertaling het daartoe aanleiding gegee dat die episkopoi dikwels gesien is as persone wat bo die res van die gemeente staan en die amp van inspeksie en kontrole moet be-oefen. ('n Goeie voorbeeld hiervan is die feit dat in die Roomse Kerk die pastoraat verlaag is tot 'n inkwisisie waar daar noukeurig navraag gedoen word oor elke denkbare sonde wat moontlik begaan is). Die werkwoord wat ons met: opsig hou vertaal, beteken in die oorspronklike taal eintlik: besoek, omsien na, sig bekommer oor. Dit dui 'n handeling aan wat geskied vanuit verantwoordelikheid oor die gemeente. Duidelik is dit die geval in Hand. 15:36. Die begeerte brand in Paulus en Barnabas om die gemeentes te besoek wat hulle op hulle eerste Sendingreis gestig het. Hulle voel hulleself verantwoordelik vir die gemeente. Ter wille van die welsyn van die gemeente wil hulle hulle weer besoek.

Behalwe die variante lesing 1 Petrus 5:2 kom die werkwoord „episkopein" slegs nog voor in die reeds genoemde Hand. 15:36. Die Afrikaanse vertaling lui „Laat ons teruggaan en ons broeders besoek in al die stede waarin ons die Woord van die Here verkondig het, **om te sien hoe dit met hulle gaan."**

(1) Hierdie episkopein is gerig tot die broeders aan wie die Woord reeds verkondig is. Die „episkopein" is m.a.w. nasorg aan hulle wat reeds tot die geloof gekom het, wat reeds deel van die gemeente is. Hierdie nasorg betref die hele gemeente, elke gelowige .,in **al** die stede".

(2) Die werk wat die apostel Paulus doen as hy die gemeentes besoek wat reeds gestig is op sy eerste Sendingreis, moet gesien word as sy „episkopein". Hierdie „episkopein" van die apostel Paulus bestaan uit twee dele:

(a) **Verkondiging van Jesus Christus:**

In Hand. 16:5 lees ons: „En die gemeentes is versterk in die geloof en het elke dag vermeerder in getal." Uit die gebeure wat plaasgevind het in Hand. 2 en die woorde van Paulus in Rom. 10:17 is dit duidelik dat daar alleen sprake van versterking van geloof en vermeerdering van getalle kan wees deur die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus.

(b) **Oorlewering van die besluite van die apostel:**

In Hand. 16:4 lees ons: „En op hulle reis deur die stede het hulle die verordeninge wat deur die apostels en die ouderlinge in Jerusalem vasgestel was aan hulle oorgegee om te onderhou." Nie alleen wil die apostel Paulus met sy „episkopein" nasorg doen met die oog op die reeds ontvange geloof nie maar terselfdertyd ook voorsorgwerk doen met die oog op die toekomstige geloof en lewe van die gemeente. Deur sy „episkopein" wil hy die gemeente so versterk in die geloof dat hulle geloof gegrond sal wees op die Woord van God, dat hulle geloof regte geloof sal wees, dat hulle staande sal bly in die geloof, dat hulle lewenswandel 'n aan die Woord gehoorsame lewe sal wees.

Van besonder belang is die voorwaardes wat gestel word aan die „episkopoi" in 1 Tim. 3:1 en Titus 1:5-9. Die episkopos moet aan allerlei voorwaardes voldoen. Hy moet in leer en lewe onbesproke wees. Hy staan onder dieselfde Woord as die gemeente. Die woord waarmee hy die gemeente aanspreek is in die eerste plek tot homself gerig. As hyself hom nie wil buig onder hierdie Woord nie, kan hy nie verwag dat ander dit moet doen nie.

(iv) **Parakalein:**

Die w.w. „parakalein" en die s.n.w. „paraklesis" kom in die Nuwe Testament veelvuldiglik voor. Die begrip tree in die Nuwe Testament in 'n verskeidenheid van betekenisse op: troos, bemoediging, beraad, dringende versoek en ook sedelike vermaning.

In 2 Kor. 5:20 stel die apostel Paulus: „Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen." Die pastor wat vermaan tree nie op eie gesag op nie maar met die gesag wat Hy van God ontvang het. Waaragtige troos en vermaning is alleen moontlik deur Hom wat die waaragtige Parakteit is nl. die Heilige Gees: Die vertroosting en die vermaning word nie gerig t.w.v. iets anders as Christus nie „om Christus wil." Dit

geskied t.w.v. die geloof in Hom. Die inhoud van die „paraklesis" is die versoening met God. „Laat julle met God versoen." Dit is m.a.w. niks anders as primêr 'n oproep tot die geloof nie. Die „paraklesis" is nie 'n vermaning waarin die oordeel en gerig uitgespreek word nie maar verkondiging van God se genade.

De vermaning is veral gerig tot hulle wat reeds tot die geloof gekom het in Jesus Christus. „Ek vermaan julle broeders" (Heb. 13:22). In Heb. 13:22 word die gemeente opgeroep om te wandel ooreenkomstig die leer van die evangelie. Omdat die ganse lewe van die gelowige duur gekoop is met die bloed van Jesus Christus strek die vermaning sig uit oor die ganse bestaan van die gelowige. Die gelowiges word vermaan „om hulle liggame te stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer" (Rom. 12:1). Hulle moet wandel soos dit God welbehaaglik is (1 Tess. 4:1). Hulle moet wandel waardig die roeping waarmee hulle geroep is. (Ef. 4:1). Eensgesindheid moet onder hulle heers (Filipense 4:5). Hulle moet hulle weerhou van vleeslike begeertes en 'n goeie lewe voer onder die heidene (1 Pet. 2:11 en 12). Hulle moet ingetoë wees (Titus 2:6). Die vermaning wat in die „paraklesis" geleë is, is geen metodistiese vermaning nie, dit het as grond die genade van Jesus Christus (Filipense 2:1), die sagmoedigheid van Hom (2 Kor. 10:1) en die barmhartigheid van God. (Rom. 12:1).

Die vermaning moet geskied in sagmoedigheid (1 Tim. 5:1). Dit moet geskied in lankmoedigheid (1 Tim. 4:2) en lering, die afwyking van die waarheid moet aangedui word. Dit moet geskied in alle erns (Titus 2:15).

Feitlik in al die tekste wat genoem is kan die woord vermaning ook vertaal word met vertroosting. Miskien kan ons nog net wys op Rom. 15:4. Hier is sprake van „paraklesis" uit die Skrifte. Die vertroosting en die vermaning is daarom vanuit die Skrifte en nie vanuit die vertrooster of vermaner se eie opvattings nie. Omdat die Skrifte primêr van Christus getuig is die vermaning en vertroosting ook in die eerste plek in Christus Jesus.

Uit bg. kan afgelei word dat die „paraklesis" in die pastorale gesprek 'n gestalte van verkondiging is waarmee tegelyk geskenk en opge-eis word. Dit skenk God se genade, die vryspraak in Jesus Christus, die gemeenskap met God. Aan die anderkant eis dit die mens op vir die diens aan God. Hierdie twee kante is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Beide in vertroosting en vermaning geskied die heilswerk van God deur die werking van die Heilige Gees.

(v) **Nouthetein:**

Hierdie woord hang in betekenis nou saam met „parakalein". Dit beteken waarsku, teregwys, en vermaan. Net soos die „parakalein" moet dit geskied in sagmoedigheid (1 Kor. 4:14). Dit geskied nie met die doel om te verstrooi nie maar om te versamel. Nie om te wond nie maar om te genees (Titus 1:13). Dit wil die skuldige bring tot berou en daarom tot herstel van die band wat gebreek is. Titus kry die opdrag om 'n skeurmaker te vermaan (Titus 3:10). Hierdie vermaning moet twee maal geskied daarna moet hy hom onttrek. Hierdie vermaning is gerig teen morele sonde en dwaalleer (Titus 1:9 en 13). In die lig hiervan moet seker 1 Kor. 15:5 en 1 Tim. 1.20 verstaan word, waar melding gemaak word van persone wat aan die satan oorgegee is. Paulus gee hierdie opdrag seker in die lig van Christus se mededelings in Matt. 18:15-35. Hieruit kan gekonkludeer word dat die „parakalesis" en die „nouthetein" in die pastorale gesprek uiteindelik tughandeling tot gevolg het na langdurige verharding.

(vi) **Sterizein.**

In sy waarskuwing tot Petrus sê Jesus: „Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie ophou nie, en as jy eendag bekeer is, moet jy jou broeders **versterk**" (Lukas 22:32). Die woord „sterizein" kan ook vertaal word met: Sterk maak, weerstand gee teen, sodat die ander een stewig kan staan en stand kan hou. Paulus en Barnabas gaan na Listre, Ikonium en Antioche̋ om die gemeentes te versterk met die oog op die verdrukking wat oor hulle sou kom. Hierdie versterking is 'n vermaning om in die geloof te bly (vergelyk Hand. 15:32 en 41). Dieselfde versterking vind ook plaas in Frigië en Galasië. Hierdie versterking blyk uit al sy besoeke, was niks anders as die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus nie.

Die gemeente aan wie die 2de brief van Petrus geskryf is, is verwar deur die dwaalleer. Dit het nou nodig geword dat hulle versterk moet word. Hulle ken egter die evangelie van Jesus Christus en daarom is dit slegs nodig dat hulle aan hierdie evangelie herinner moet word. (2 Petrus 1:12). Die herinnering aan hierdie waarheid het daartoe gelei dat hulle versterk is. In die oorspronklike taal word die perfektum van die werkwoord gebruik en daarom kan ons vertaal hulle is so versterk dat hulle vasstaan in die geloof.

Die woord „sterizein" kom in kombinasie voor met vermaan en vertroos (parakalein) (vergelyk Hand. 15:32; Rom. 1:11 en 12 en 1 Tess. 3:2). Op grond hiervan kan ons sê dat die vermaning, vertroosting en versterking die weerbaarheid van die gemeente, sy daadwerklike gehoorsaamheid in geloof en wandel ten doel het.

(vii) **Katartizein:**

Hierdie woord kan vertaal word met toerus en volkome maak. Die hele Skrif is volgens II Tim. 3:7 gegee, „sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus". Om iemand te „katartizein" is om hom toe te rus, om hom geskik te maak vir die dienswerk waarvoor hy geroep is. Volgens 1Tess. 3:10 wil die apostel Paulus terugkeer na die gemeente om te „voltooi", om toe te rus wat nog aan hulle geloof ontbreek.

In Gal. 6:1 word „katartizein" vertaal met „reghelp". As iemand in die gemeente deur een of ander misdaad oorval word moet hy „katartizein" word. Hy moet so toegerus word dat hy weer sy plek in die gemeente kan inneem, sy taak as lidmaat weer sal kan vervul. Hierdie „katartizein" moet geskied in die gees van sagmoedigheid. Die een wat dit bedien moet op homself let dat hy nie self in die versoeking val nie.

In Ef. 4:12 word hierdie toerusting gesien as die doel van die ampsdraer se taak in die gemeente. As hierdie „katartizein" goed geskied bly die gelowige staande in die geloof. As dit nie goed geskied nie word hy heen en weer geslinger deur elke lering en soos die golwe van die see. (Ef. 4:14).

## III. UIT BG. BYBELSE GEGEWENS KAN NOU DIE VOLGENDE KONKLUSIES GEMAAK WORD.

### A. PASTORAAT IS 'N GESTALTE VAN DIE KERKLIKE VERKONDIGING

Verkondiging kan omskryf word as die verklaring en toepassing van die Skrif m.b.t. Jesus Christus se persoon woord en werk. Jesus Christus is per slot van sake die enigste een wat waarlik aan skape weiding kan verskaf. Die pastoraat is daarom alleen sinvol as dit Jesus Christus tot inhoud het.

Bg. stelling beteken noodwendig die afwysing van baie heersende tendense. Dit is afwysing van enige vorm van pastoraat wat iets anders as Jesus Christus tot inhoud het. Pastoraat is nie 'n welwillendheidsbesoek wat die predikant elke jaar by elke lidmaat aflê nie; 'n Gesprek wat alledaagse gebeure tot inhoud het nie; 'n Huis-godsdiens waar slegs uit die Skrif gelees en gebid word nie. 'n Uitrappery oor allerlei sondes nie. Geen inkwisisie proses waar die lidmaat verleë sit en die pastor hom verheug oor die verleentheid van die ander nie.

Dit is by herhaling verkondiging van die Woord, verkondiging van Jesus Christus. Enige ander pastoraat is sinloos. Alleen die pastoraat wat Jesus Christus tot inhoud het dien tot versterking en vermeerdering van die geloof.

Hierdie omskrywing van die pastoraat roep beide predikant en lidmaat op tot verantwoordelikheid.

(i) Omdat die pastoraat kerklike verkondiging is, meer nog omdat dit Bybelse opdrag is kan die predikant dit nie nalaat

nie. Die geestelike toestand van elke gemeente waar die pastoraat vir 'n aantal jare verwaarloos is spreek vir sigself. Omdat dit Bybelse opdrag is, en die predikant sigself deur sy beroepsbrief en tydens sy bevestiging daartoe verbind het, is geen verskoning aanvaarbaar waarom hierdie werk nie gedoen kan word nie. Versaking daarvan is niks anders as pligsversuim in die hoogste vorm nie. Omdat die predikant hierdie werk doen namens en in opdrag van die plaaslike Kerkraad is dit miskien nodig dat daar beter kontrole oor hierdie werk uitgeoefen sal word. Dat die kontrole nie alleen sal geskied tydens die jaarlikse rinsvergadering nie, maar eerder tydens elke Kerkraadsvergadering. Dit is miskien ook hoog tyd dat ons kerkraadslede self sal besef dat die predikant nie beroep is om allerlei administratiewe werkies te verrig nie, maar om die Woord te verkondig en dat hulle daarom die werk in die gemeente so sal inrig dat daar vir die predikant voldoende tyd sal wees om die Woord van huis tot huis te verkondig.

(ii) Omdat pastoraat verkondiging is moet die predikant dit doen na die beste van sy vermoë. Sy hele teologiese opleiding moet hier in werking gestel word. Verklaring en toepassing van die Skrif is geen momentele belewenis nie. Dit is geen spreke vanuit rype ervaring nie. Dit kan alleen geskied na die regte ondersoek van die Skrif. Eers dan kan die Woord gespreek word nadat die oorspronklike bedoeling van die Heilige Gees vasgestel is. Alvorens die predikant kan gaan huisbesoek doen is dit nodig dat hy homself goed sal voorberei. Omdat die pastoraat nie minder verkondiging is as die prediking nie, kan die voorbereiding vir Maandag se pastoraat nie minder wees as Sondag se prediking nie.

Saam met Sondag se prediking moet die pastoraat 'n eenheid vorm. As riglyn kan miskien die woorde van die apostel Paulus in Hand. 20:27 geld: nl. dat hy die hele raad van God verkondig het.

Omdat die pastoraat net soos die prediking en die kategese verkondiging is, kan dit nie oorskat of onderskat word ten koste van die ander verkondigingselemente nie. In die predikant se dienswerk moet al drie 'n gelyke plek inneem.

(iii) Omdat die pastoraat verkondiging is, is dit verkondiging sondermeer. Hiermee bedoel ons verkondiging sonder vooraf terrein verkenning of aanknopingspunte soek. Dikwels hoor ons dat predikante sê hulle kan eers sinvol die pastoraat beoefen nadat hulle die lidmate goed ken. Hierdie predikante ag dit dan nodig dat hulle eers sg. kennismaking besoeke sal reël. (Dikwels gebeur dit dat hierdie kennismaking-besoeke so lank duur dat die predikant voordat hy nog daarmee klaar is alreeds 'n beroep

aangeneem het na 'n ander gemeente). As hierdie vooraf kennis noodsaaklik is vir een verkondigingsgestalte dan geld dit ook vir die ander. Dit sou dan beteken dat die predikant op Sondag ook nie kan preek as hy nie eers elke lidmaat ken nie. Dit is seker goed en nodig dat die predikant die lidmate sal ken maar dit mag nooit dien as voorwaarde vir enige gestalte van die verkondiging nie. Hierdie hele gedagtegang berus op die misverstand dat die evangelie 'n aanknopingspunt nodig het wat deur die mens ontdek of tot stand gebring moet word. Die evangelie skep self sy aanknopingspunt. Ons hoef dit nie te ontdek of totstand te bring nie. As dit voorwaarde sou wees, dan sou die apostel Paulus wat 'n mag der menigte van gemeentes besoek het seker nooit so vér as die verkondiging gekom het nie.

(iv) Omdat die pastoraat verkondiging is moet die gemeente dit ook as sodanig sien en waardeer. Elke lidmaat verwag en is begerig dat die predikant hom gereeld by die huis sal kom besoek. Is hierdie begeerte omdat hy graag die Woord wil hoor? Is hierdie begeerte nie miskien gegrond in ander motiewe nie? Is dit nie miskien gegrond op sosiale motiewe nie. Is dit nie bloot omdat hy as persoon net graag wil sê die predikant was darem ook by my huis?

Die lidmate sal moet afsien van die praktyk om hulle verantwoordelikheid na te kom ooreenkomstig die pligsvervulling van die predikant. Hoe dikwels hoor ons dat lidmate sê hulle sal eers die eredienste besoek as die predikant hulle besoek het. Dit is die predikant se taak om die lidmate te besoek, maar as hy dit nie gereeld doen nie, gee dit hulle hoegenaamd geen rede om weg te bly van die eredienste en hulle ander verpligtinge as lidmate nie na te kom nie.

## B. PASTORAAT IS NASORG EN VOORSORG:

Pastoraat is 'n paraliturgiese gestalte van die verkondiging. Dit wil sê dit vind nie plaas in die erediens van de gemeente nie maar is tog direk daarby betrokke. Dit kom voort uit die erediens en lei weer terug na die erediens toe. Dit het tot objek hulle wat Sondag onder die geklank van die Woord gestaan het, en wat volgende Sondag weer daar moet staan. Gerig tot hulle wat Sondag uit die kerk gekom het en volgende Sondag weer dieselfde pad moet gaan. Uit die Bybelse gegewens is dit duidelik dat die objek van die pastoraat die enkele huisgesinne van die gemeente is — die afsonderlike gemeentelede in die week, van die huis. Die pastoraat geskied tussen Sondag en Sondag, tussen erediens en erediens. Dit wil Sondag se erediens nie vervang nie maar tog iets doen wat daarmee in verband staan. Dit wil dieselfde Woord wat Sondag gespreek het opnuut laat spreek. Dit

wil die Woord bring in die konkrete situasie waarin die gemeentelid sig bevind. Dit wil dien as nasorg m.b.t. die Woord wat Sondag gehoor is. Uit die Bybelse gegewens tref ons die volgende aspekte t.o.v. hierdie nasorg aan:

(i) Dit wil die gelowige dieper inlei in die waarheid van God, dit wil hom versterk in die geloof. So versterk dat hy ook sal glo dat daar maar Een middelaar is tussen God en mens.

(ii) Dit wil sy lewe buite die erediens orden as 'n gehoorsame dankbare lewe aan God gewy. Dit wil sy lewe vorm ooreenkomstig die Woord van God. Die Woord wat Sondag aan hom verkondig is, gestalte in sy lewe laat aanneem. Die belofte, wat in die erediens gemaak is tydens bediening van doop of aflegging van belydenis, lewende werklikheid in sy lewe laat word.

(iii) Dit wil elke lidmaat as lewende steen in die gebou van God laat inbou. Die pastoraat wil m.a.w. nie vroomheid los van die gemeente opbou nie, maar juis die Woord so aan die enkeling bring dat hy sy samehang met en sy verantwoordelikheid as lidmaat van die gemeente sal ken.

(iv) Die pastoraat wil die gelowiges toerus vir hulle dienswerk in die wêreld. Nie alleen die predikant en die Kerkraad het 'n taak in die wêreld nie maar elke lidmaat. Elke lidmaat het die taak en die roeping om getuie te wees van Hom wat ons geroep het uit die duisternis tot die lig.

Indien bg. gestalte aanneem in ons pastorale werk sal die lidmaat as gelowige van die kerk sy taak en sy roeping besef. Die lidmate sal toegerus wees om waaragtige gelowiges in die wêreld te wees. Elke dwaalleraar uit die geledere van die sektes sal ook nie sondermeer ons lidmate afrokkel nie. Teenoor die dwaalleer sal die lidmaat self die waarheid kan stel.

Die pastoraat is nie alleen nasorg nie maar tegelyk ook voorsorg. Dit wil sorg vir die toekoms van die gemeente. Wil sorg dat die gemeente in die toekoms ook reg sal glo, in die toekoms ook sal leef in gehoorsaamheid aan Gods Woord, in die toekoms ook Sondag vir Sondag sal staan onder die verkondigde Woord.

## C. PASTORAAT, OPSIG EN TUG:

As mense dissipels van Jesus wil wees is dit nodig dat hulle in sy Woord sal bly (Joh. 8:31). Die pastoraat wil sien hoe dit met die enkelinge van die gemeente gaan. Wil sien of hulle lewe ooreenkomstig die Woord is. Wil sien of die verkondigde Woord van Sondag ook in hulle alledaagse lewe gestalte aangeneem het. Nie alleen of hulle lewe maar ook hulle leer en belydenis ooreenkomstig die Woord en die Belydenis van die kerk is. Indien bg. nie waar is van die lidmaat nie gaan die opsig oor in tug.

Hierdie tughandelinge soos gesien in die Bybelse gegewens het ten doel om die enkele gelowige weer terug te bring in die kudde. Dit het sy welsyn en nie sy ondergang in die oog nie. Nie alleen die welsyn van die enkele gelowige nie maar van die hele gemeente.

In die lig van hierdie gegewens kan ons stel dat die tug toegespitste pastorale bearbeiding van die enkeling is. Dit vorm deel van die pastoraat en is nie slegs 'n handeling wat ontstaan nadat die Kerkraad toevallig daarvan gehoor het nie.

Geen huiwering behoort te bestaan om die tug waar nodig is toe te pas nie. Huiwering sou alleen geregverdig wees as die tug nie Bybelse gefundeerd was nie. Nie alleen is die tug Bybelse opdrag nie, maar terselfdertyd noodwendigheid waartoe die lidmaat homself verbind het toe hy belydenis van geloof gedoen het in die midde van die gemeente. Ter wille van die regte leer, lewe en orde van die gemeente is die tug noodsaaklik.

## D. OBJEK VAN DIE PASTORAAT:

Die siel van die mens word dikwels gesien as die objek van die pastoraat. Die liggaam word dan bestem as objek van die barmhartigheidsdiens. Die Bybel ken egter nie so-iets as 'n liggaam en siel wat van mekaar geskei is nie. Die Bybel ken alleen 'n mens in sy totaliteit van liggaam en siel. Die mens is siel van sy liggaam en tegelyk liggaam van sy siel.

Vir die pastoraat beteken dit dat die mens in sy totaliteit van liggaam en siel die objek is. Die verkondige Woord is nie alleen gerig tot die siel nie maar tot die mens d.w.s. tot liggaam en siel. Dit wil die mens in sy totaliteit plaas onder die Woord.

Wie is nou hierdie mens wat die objek van die pastoraat is? Baie is daar wat slegs die oues van dae, die siekes, die geestelike verstoordes en die treurendes, sien as hierdie objek. Hulle word gesien as die objek alleen omdat die pastoraat dikwels nie verstaan is as verkondiging nie maar bevryding uit een of ander kritieke, verstoorde situasie. Dit Bybelse gegewens laat ons egter sien dat nie alleen die sieke en treurende in nood verkeer nie maar elke mens vanweë sy gebroke sondige toestand. Die pastoraat is daarom gerig aan almal. As paraliturgiese gestalte van die verkondiging wil dit egter nie sy terrein oorskrei nie. Dit is daarom beperk tot hulle wat reeds gelowiges is. Gerig tot elkeen wat reeds deur sy doop in die gemeente ingelyf is. Dit betref nie alleen die siek gelowige nie maar ook die gesonde, nie alleen die oues van dae nie maar ook die kinders, nie alleen die sg. „swak" lidmaat nie maar ook die „goeie" lidmaat.

Die moderne aandrang om die pastoraat alleen te wil bedien aan sg. „probleem gevalle" is nie geregverdig nie. Die grond daarvoor is geleë in die oorskatting van die sg. „getroue" lidmate. Die van nature sondaar is en sondaar bly, die van nature geneig tot die dwaling, die voortdurende noodsaaklikheid van beter toerusting van die geloof, verhef die pastoraat aan die getroue lidmaat ook tot 'n altyd noodsaaklike.

Die onderskeiding tussen sg. gewone pastoraat en „siekepastoraat" of „probleem-gevalle pastoraat" is nie geregverdig nie. In alle gevalle kan die pastor maar net met een boodskap kom. In alle gevalle gaan hy na mense wat dieselfde byvoeglike naamwoord dra nl. sondaars. Hierdie onderskeiding het al daartoe aanleiding gegee dat predikante wat siek persone gereeld besoek daarvan beskuldig is dat hulle nooit „huisbesoek" gedoen het by die betrokkenes nie.

Dat die pastoraat al die lidmate van die gemeente betref teken ook die kinders en die jongelinge aan as objek van die pastoraat. Veral as nasorg m.b.t. die doop en voorsorg m.b.t. die nagmaal sal die pastor die verband tussen kategese en pastoraat moet ken. Hy sal hom moet bemoei met die kinders van die gesin wat met hulle kategese van die doop op weg is na die nagmaal. Gekom by die nagmaal word die betrokkene nie vergeet totdat hy eenmaal 'n „bydraende" lidmaat is nie. Die moderne a-religieuse neigings onder die jeug, die moderne beweging weg van die kerk af, los van alle gesag en binding, roep elke pastor op tot daadwerklike verantwoordelikheid in hierdie verband. Met die pastoraat aan die jongelinge kan veel meer vermag word as met enige vereniging of organisasie onder die jeug.

Die pastoraat aan „probleem gevalle" vra nog ons aandag. In elke gemeente is daar 'n groot aantal wat met geen beter woord as „dooie" lidmate, beskryf kan word nie. Hierdie getal verminder nie maar vermeerder steeds. Dit geskied nieteenstaande die feit dat die kerk voortgaan om hierdie mense pastoraal te bearbei. Verskeie redes kan aangevoer word vir hierdie toestand: Twee kerklose ouers se produk is vier kerklose kinders, swak kategese, onsistematiese inhoudlose pastoraat en 'n gemeentelike inrigting waar alles draai rondom die persoon van die predikant. Die verhouding pastoraat en tug bring noodwendig mee dat die pastor nie elke jaar of elke maand die betrokke lidmate kan besoek nie en hulle bly steeds die passiewe, negatiewe toeskouers in die gemeente. Volgehoue pastoraat, noukeurige aantekening van elke gevoerde gesprek met die betrokkenes, sal noodwendig moet lei tot die kerklike tug. Dit sal eers kan geskied nadat die kerkraad oortuig is dat die Woord in sy volheid aan die betrokkenes verkondig is. Hierdie oortuiging sal 'n kerkraad nooit

kan hê as daar nie behoorlike kontrole oor die pastoraat uitgeoefen word nie. As die ouderlinge ook nie die pastorale gesprek van die predikant opvolg nie.

Is die objek van die pastoraat altyd net een persoon, een huisgesin of kan dit ook 'n groep bv. 'n wyk of 'n groep persone wat by dieselfde plek werk, wees? Indien so 'n groep byeenkom, is dit dan nie maar weer 'n erediens in die kleine nie? Sonder om breed op die saak in te gaan kan verwys word na pastorale gesprekke in die Bybel waar meer as een persoon of een huisgesin betrokke was. (Vergelyk bv. al Jesus se gesprekke met die Fariseërs, sy gesprekke met die apostels, die apostels se gesprekke met groepe mense Handelinge 4:19-22, 14:14-20, 20:17-38 en 28:30-31). Die karakter van pastoraat sal egter ook hier gehandhaaf moet word. Beide pastor en lidmaat sal hier moet spreek. Die daadwerklike deurvoering hiervan sal miskien daartoe lei dat baie lidmate sal besef dat dit in die kerk gaan om die verkondiging en nie om persoonlike relasies nie. Die predikant is nie daar om gereeld by my aan huis te kom nie maar om die evangelie aan my te verkondig. Die „groepspastoraat" sluit nie die individuele pastoraat uit nie. Christus en die apostels spreek nie net met groepe nie maar ook met individue. By geleentheid het Christus dit nodig geag om pas nadat Hy met 'n groep van sy apostels gespreek het met sommiges nog apart te spreek (Matt. 17:1-13, 26:36-38). Die „groepspastoraat" bring juis dié profytlikheid dat meer aandag gegee kan word aan die lidmaat wat afgedwaal het. Die gelykenis van die verlore skaap en die verlore penning teken hierdie optrede aan as noodsaaklik (Lukas 15:1-10).

Die „groepspastoraat" en „individuele pastoraat" kan sinvol gekombineer word: Een jaar word die helfte van die gemeente groepsgewys besoek, die res individueel. Die volgende jaar word dit net omgeruil.

## E. DIE PERSOON VAN DIE PASTOR:

Geloof sonder goeie werke is geen geloof. Leer en lewe is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Die verkondigde Woord betref in die eerste plek die verkondiger self. Die Woord wat Hy verkondig moet in die eerste plek gestalte aanneem in sy eie lewe. Die pastor kan nie verwag dat die lidmate in leer en lewe leef ooreenkomstig die Skrif en hyself doen dit nie. Hyself sal hom eers moet buig onder die Woord voordat hy kan verwag ander moet dit doen. Die eise aan die pastor gestel in die Skrif sal daarom gehandhaaf moet bly. Die Kerk sal ook noulettend moet toesien dat elke pastor in leer en lewe hom sal gedra ooreenkomstig hierdie voorskrifte.

Dit is ook nodig dat elke pastor sal besef dat hyself in die eerste plek pastor is oor sy eie huis. Die verwaarlosing van hierdie aspek het al dikwels daartoe gelei dat die werk in gemeentes gestrem is. As die pastor nie eers kan toesien dat sy eie huisgesin in leer en lewe hulle gedra ooreenkomstig die Skrif en hulle belydenis nie, hoe sal hy nog kan toesien dat die gemeente dit doen.

## F. WAT KAN ONS VERWAG VAN ONS PASTORAAT:

Omdat die pastoraat verkondiging van die Woord is, kan ons verwag dat daar vrugte op hierdie arbeid sal wees. Hierdie vrugte wat bestaan in geloof en gehoorsaamheid aan die Skrif mag egter nooit gesien word as resultaat van die pastor se eie voortreflike werk nie. As daar vrugte is moet dit gesien word as resultaat van die werk van die Heilige Gees. Dit is daarom nie 'n saak om op te roem nie, maar om God daarvoor te dank. As die pastoraat verkondiging is kan daar vrugte verwag word. As die pastoraat iets anders is, sal daar miskien resultate wees, gemeentelede wat rasend opgewonde raak oor die predikant, gemeentelede wat vasgroei aan die predikant se persoon maar geen geloof in Hom om wie dit eintlik gaan nie. Dit is vanselfsprekend want die Heilige Gees neem alleen dit wat aan Jesus Christus behoort om aan ons te verkondig (vergelyk Joh. 16:15). Die geloof is ook slegs uit die gehoor van die Woord en nie uit iets anders nie (vergelyk Rom. 10:17).

## G. DIE PASTORALE GESPREK:

Pastoraat kan omskryf word as verkondiging van die Woord in die vorm van 'n gesprek. Die belangrikste is dat die Woord verkondig sal word en nie die wyse waarop die gesprek gevoer word nie. Die verkondiging moet altyd in die beste vorm geskied en daarom is dit nodig dat die basiese beginsels van gespreksvoering gehandhaaf sal word.

Hoewel die vorm, die praktyk nie die belangrikste is nie, kan dit nie sondermeer verwaarloos word nie. 'n Praktyk vreemd aan die Bybel en die wese van die kerk moet afgewys word. Opvallend is juis dat die evangeliebediening in 'n bepaalde gestalte en vorm, in die vroeg christelike kerk die geloof tot gevolg gehad het. Daar moet egter gewaak word dat die praktyk nie so alles belangrik word, die organisasie so oorweldigend dat die inhoud verlore gaan nie.

Rondom die praktyk lê 'n legio aantal vrae wat ons miskien puntsgewys die beste kan beantwoord.

a. **Die plek van die Bybel en die gebed tydens die pastoraat:**

Vroeër het die gedagte bestaan dat pastoraat net die lees van 'n stukkie uit die Bybel en 'n kort gebed is. Later het die gedagte bygekom dat die gelese gedeelte ook kortliks verklaar moet word. In eersgenoemde geval doen die pastor dit wat die lidmaat buitendien self kan doen en gereeld behoort te doen. In die tweede geval herhaal hy dit wat hy Sondag van die kansel af gedoen het in kort. Dat die lees van die Bybel en die gebed tydens pastoraat wel plek het, wil niemand ontken nie. Ons wil net konstateer dat pastoraat nie sondermeer net Bybellees en gebed is nie. Aangesien die vrugte van die pastoraat alleen moontlik is deur die werking van die Heilige Gees sal gebed om leiding en verligting deur die Heilige Gees onontbeerlik wees. In hierdie gebed word daarom nie in die eerste plek gevra vir materiële versorging nie, maar vir geestelike versorging. Aangesien die kerk alleen kan en mag spreek vanuit die Bybel, sal die Bybel tydens die ganse gesprek oop moet wees. Laat ons dit prakties illustreer: As die gesprek bv. gaan om erediensbywoning sal die pastor telkens moet verwys na tekste en dit voorlees. Dit sal selfs nodig wees om voor te lees uit die belydenisskrifte. Dit gaan hier primêr om wat die Woord en die kerk sê en nie om die pastor se eie opinie nie.

b. **Voorbereiding:**

Net so min as wat die predikant Sondag sonder voorbereiding kan gaan preek, kan hy Maandag sonder voorbereiding die pastoraat gaan be-oefen. Hy gaan nie sy eie woord spreek nie maar die Woord van God. Hierdie Woord kan hy eers spreek as hyself eers goed daarna geluister het. Hierdie gesprek gaan hy voer met iemand. Dit gaan nie 'n willekeurige gesprek wees nie. Dit gaan 'n gesprek wees vanuit die Woord, 'n besondere deel daarvan.

Dit lyk daarom geregverdig dat die tweede persoon in die gesprek ook moet weet waarom dit gaan. Dit kan daartoe lei dat daar geopenheid tydens die gespreksvoering sal wees. Beide partye sal daarby betrokke wees. Dit kan lei tot 'n beter begrip, 'n Groter moontlikheid om tot klaarheid en duidelikheid te kom. bestaan. 'n Goeie werkswyse kan daarom die volgende wees: Die pastor werk 'n studiestuk uit oor die saak waaroor hy gaan praat. Wanneer die ouderling die besoek gaan aankondig gee hy die stuk vir die huisgesin. Dit word gelees en tydens die pastoraat, het sy individueel of groepsgewys, word daaroor gepraat. Die inhoud van die gesprek sal na die gespreksvoering nie sondermeer verlore gaan vir die lidmaat nie. Hy kan die „stuk" telkens herlees. Die ouderling kan dit ook later weer gebruik om inhoud aan sy opsigtaak te gee.

c. **Hoe dikwels:**

Hoe gereeld die pastorale gesprek gevoer moet word, word nie deur die Bybel, die belydenisskrifte of die bevestigingsformulier gesê nie. Gedurende die kerkhervorming het die praktyk bestaan dat sodanige gesprek 4 keer per jaar gevoer is. Voor elke Nagmaal het die lidmate om die beurt die prediekant en 'n afvaardiging uit die kerkraad te woord gestaan in die konsistorie of in die predikant se studeerkamer. Hierde gesprek is gevoer ter wille van die opsig m.b.t. die ophande nagmaalsviering. 'n Res van hierdie praktyk vind ons terug in die feit dat van ons ouderlinge verwag word om ten minste voor elke nagmaal al die lidmate in hulle wyk te besoek. Deur die jare het die praktyk hier ter lande ontstaan dat dié predikant die lidmate elke jaar besoek. Hierdie gebruik is ook in vorige kerkwette sodanig bepaal. Hierdie gebruik het die laaste aantal jare ongefundeerd en onuitvoerbaar geblyk. Veral in stadsgemeentes het dit onuitvoerbaar geblyk. Volgens jaarverslae blyk dit dat predikante in stadsgemeentes moeilik meer as 500 lidmate per jaar kan besoek. Sommige stadsgemeentes bestaan vandag uit meer as 1,000 lidmate. Die besef van bogenoemde het tot resultaat dat die jongste kerkwet nie meer 'n bepaalde tyd aandui nie. Daar word slegs verwag dat die predikant dit sal doen in oorleg met die plaaslike kerkraad. Hierdie bepaling skyn geregverdig te wees. In sommige gevalle sal dit voldoende wees as daar eenkeer in 2 jaar met 'n bepaalde lidmaat 'n pastorale gesprek gevoer word. In ander gevalle is dit noodsaaklik dat een huisgesin veel meer as eenkeer per jaar besoek sal word. In sommige gevalle is dit volkome voldoende dat die pastorale gesprek in groepsverband gevoer word. In ander gevalle moet dit noodwendig individueel geskied. Die hele saak kan en mag egter nie oorgelaat word aan die vryheid van die predikant nie. Ook hier is dit nie die predikant wat werk nie maar die kerkraad as geheel. In die lig van die plaaslike omstandghede sal elke kerkraad moet besluit hoedanig die pastoraat sal geskied. Hierdie besluit behoort aan die gemeente bekend gemaak te word. Die kerkraad moet ook toesien dat hierdie besluit uitgevoer word. Dit kan alleen geskied as die predikant gereeld verslag aan die kerkraad doen. Met die oog op die beperktheid van tyd kan dit oorweeg word of 'n groot deel van die pastorale werksaamhede nie sommige Saterdae afgehandel kan word nie. Dit sal meebring dat die predikant gedurende die week in die aand ook vry is vir sy gesin, wat 'n dringende noodsaaklikheid en 'n dringende behoefte is. Op hierdie voorafbepaalde Saterdae kan van die gemeentelede verwag word om tuis te bly. Dit is hoogstens net

een Saterdag per jaar. Die gemeente sal moet leer dat nie van die predikant en die kerkraad alleen verwag kan word om opofferings te maak nie.

d. **Pastoraat en Sielkunde:**

Gedurende die laaste aantal jare het die gedagte al hoe meer na vore gekom dat 'n gewone predikant nie meer 'n pastorale gesprek kan voer nie. Dit moet juis gedoen word deur iemand wat 'n spesiale sielkunde kursus deurloop het. Hierdie eis word gestel op grond van die bewering dat die mens van die moderne tyd vasgevang is deur so 'n net van sielkundige komplekse dat die gewone pastor hom nie kan begryp nie, nie 'n grondige gesprek met hom kan voer nie, nie die besondere „obstakels" uit sy lewe kan verdryf nie. Ware pastoraat bestaan volgens hierdie mense daarin dat die pastor sy objek sal kan ontleed en langs die weg van 'n psigo-analitiese proses deur middel van „indirekte gespreksvoering" al die struikelblokke uit die weg sal ruim. Hierdie opvatting lei verder na die versoek van spesialisasie. Een pastor sal 'n besondere studie maak van sê die fabriekswerkers, die ander van die universiteitslui, elkeen sal dan net met sy besondere groep handel.

Sonder om breed daarop in te gaan kan gestel word dat hierdie opvatting op verkeerde teologiese uitgangspunte berus.

(i) Die mens van vandag is in wese nie anders as die mens van 100 jaar gelede nie. Basies dieselfde mens in die sin dat almal sondaars is en almal alleen deur Jesus Christus gered kan word.

(ii) Net soos jare gelede is die mens van vandag se primêre nood nie sy „sielkundige" nood nie, maar sy sonde.

(iii) Werklike bevryding ook vir die mens van vandag is bevryding van sy sonde deur die enigste Verlosser Jesus Christus.

(iv) Die primêre taak van die kerk, is nie om die mens te bevry van allerlei „obstakels" nie, maar om die evangelie aan hom te verkondig.

(v) Hierdie verkondiging vra nie dat op 'n menslike wyse allerlei struikelblokke eers weggeneem sal word nie. Hierdie opvatting is niks anders as 'n miskenning van die werk van die Heilige Gees nie.

(vi) Die mens leer ons nie ken vanuit die sielkunde nie, maar vanuit Hom wat die waaragtige mens is, Jesus Christus, van wie die Skrifte getuig.

(vii) Die feit van sielkundige afwykings kan nie ontken word nie. Die goeie werk van sielkundiges mag ook nie geloën word nie. Om die sielkundige afwykings van iemand raak te sien is egter nie 'n spesiale kursus in die sielkunde nodig nie. Om dit

op te los is nie die werk van die pastor nie maar die van die psigoloog. Om die mens in sy „psigologiese" nood net so te laat sou ook 'n pligsversuim wees van die kant van die kerk. Die taak van die kerk sal hier wees om te sien dat die betrokkene die regte sielkundige hulp ontvang. Dat hy verwys word na die „regte" sielkundige. Goed sal dit wees as die kerk aan pastors 'n lys name kan voorlê na wie lidmate verwys kan word.

**SLOT:**

Die feit dat die pastorale gesprek nog gevoer kan word behoort vir almal 'n saak van dankbaarheid en vreugde te wees. Dit getuig daarvan dat God nog met mense in ontmoeting wil tree. Dat Hy langs hierdie weg ons daar wil ontmoet waar ons ons bevind om ons deur sy Gees en Woord te voer na waar Hy in en deur Jesus Christus vir ons plek berei het. Dankbaar behoort die pastor te wees dat God in hierdie proses hom wil gebruik as instrument. Geen moeite het Christus ontsien om na ons te kom nie en hierdie gesindheid behoort ook in die pastor te heers.

**GERAADPLEEGDE LITERATUURLYS:**

1. P. Biesterveld, Het Huisbezoek, Derde Druk, J. H. Kok te Kampen, 1923.

2. M. H. Bolkenstein, Zielszorg in het Nieuwe Testament, Den Haag, 1964.

3. G. Brillenburg Wurth, Verkondiging en Zielszorg, J. H. Kok N. V. Kampen.

4. J. I. de Wet, Diktaatiesings 1965 en 1967.

5. K. Dijk, De Dienst der Kerk, J. H. Kok N. V. Kampen 1952.

6. H. Girgensohn, Heilende Kräfte der Seelsorge, van den Hoeck und Ruprecht in Göttingen, 1964.

7. Hervormde Teologiese Studies, Vir die Bevordering van die Bybelse Reformatoriese Teologie in Suid-Afrika, verskillende uitgawes.

8. O. Haendler, Grundriss der Praktischen Theologie, Alfred Töpelman Berlin 1957.

9. R. Kaptein, Het Huisbezoek agtergrond, problematiek en methode in de veranderde gemeente, Polak en van Gennep Amsterdam, 1966.

10. Ministerium, Tijdschrift voor praktische theologie en ambtelijke praktijk, semper agendo n.v. apeldoorn, verskillende uitgawes.

11. P. J. Roscam Abbing, Zielzorg ten dienste van allen die Zorg voor hun naaste hebben, N.V.'S-Gravenhage 1962.

12. E. Thurneysen, Die Lehre von der Seelsorge, Evangelischer Verlag A. G. Zollikon — Zürich, 1957.